DONDERDAG 30 APRIL 2020

<u>Vergelykings om jou skryfstyl te verbeter. TAALBOEK</u>

Sonder vergelykings sal 'n taal maar vaal wees. Dink aan bekende vergelykings soos:

- so rooi soos bloed
- so bitter soos gal
- so dood soos 'n mossie

Leer die volgende vergelykings:

| **Vergelykings** | |
|---|---|
| so **arm** soos 'n **kerkmuis** | **swyg** soos die **graf** |
| so **koel** soos **komkommer** | **sing** soos 'n **nagtegaal** |
| so **krom** soos 'n **hoepel** | **vloek** soos 'n **matroos** |
| **lieg** soos 'n **tandetrekker** | **werk** soos 'n **esel** |
| so **maklik** soos 'n **handomkeer** | **waggel** soos 'n **eend** |
| so **giftig** soos 'n **slang** | **vinnig** soos **blits** |
| **rook** soos 'n **skoorsteen** | 'n **feit** soos 'n **koei** |
| so **veranderlik** soos die **weer** | so **gereeld** soos **klokslag** |
| **sweet** soos 'n **perd** | **swart** soos die **nag** |
| **sit** soos 'n **uil op 'n kluit** | so **trots** soos 'n **pou** |

Treffende en kreatiewe vergelykings kan ons taal verlewendig:

- Sy het wegstaantande soos 'n halfgeëte mielie.
- Hy is so bles hy moet sy skilfers in sy sak dra.
- Hy is so lui, sy skaduwee loop vir hom weg.

Opdrag: **ALGEMENE BOEK!!!!**
Opskrif: <u>Kreatiewe vergelykings</u>

Voltooi die volgende vergelykings. Gee jou verbeelding vrye teuels en maak oulike oorspronklike vergelykings. *Span sommer die hele gesin in om te help dink!*

1. Die hond het so hard geblaf soos ...
2. Die vuil hond wat weke laas gebad het, stink soos ...
3. Die klein brakkie se gekef is so irriterend soos ...
4. Die hond was baie honger en vreet die kos so gulsig soos ...
5. Dis straatbrak is so maer soos ...
6. Die bulhond is so aggressief soos ...

---